WellingtonINFO - 2013.11.22

1. **Kennisgewing:**

"Gemeenskap Polisiëring Forum - Algemene jaar vergadering: GPF se Algemene Jaar Vergadering vind plaas op Maandag 2013.11.25 om 19:00 by die AME kerksaal in Voorstraat Wellington. Almal is welkom om dit by te woon"

2. **Telephone Scam:**

Just to let you know that the Microsoft Scam you warned us about has now been changed. They now claim to be phoning from Beta Secure Cape Town. I told the person after he had given me his story with a very distinct Indian accent to "B***** Off! " and stop wasting my time. End of call! I then checked on Google and found the following See http://hellopeter.com/beta-secure/complaints/beware-betasecure-is-a-****-1195889

You may want to warn your readers of this change in modus operandi. Regards Barry Malanstasie

3. **Inligting gesoek,**

"Ek hoop dat julle hierdie inligting kan plaas en dat daar iemand is wat my dalk sal kan help. My kar is Vrydag 15/11/2013 gestamp by Wellington golfklub tussen 13h00 en 14h40. Dit was geparkeer aan die kombuisvenster van die klubhuis se kant. Niemand daar het egter enigiets gesien of gehoor nie. As enigiemand dalk iets gesien of gehoor het of selfs meer besonderhede kan verskaf om my te help om die skuldige op te spoor sal ek dit baie waardeer! Ek is selfs bereid om te betaal vir die inligting as dit my na die skuldige kan lei. Kontak my asb. by 084 826 4008. Vriendelike groete Tarien Stander"

4. **Huisbraak en diefstal - Paarl**

"Vrydagaand was my seun by vriende om die draai van ons in Oranjestraat, Paarl. Terwyl hulle agter in die huis televisie gekyk het, het diewe in die huis gekom, 'n Laptop, my seun se selfoon, 'n sak klere en 'n duur bergfiets gesteel. Hulle is daar weg sonder dat enigiemand geweet het dat hulle daar was. In elk geval. Ons stop die foon en als by MTN. Hy kry nuwe simkaart wat eers Maandag geaktiveer is. Gister is sy selfoonnommer en my dogter sin – wat op dieselfde kontrak is – geblok. MTN sê limiet is oorskry – selfoon data rekening is binne 24-uur na R14 000 opgejaag. Jy kan net dink waste hartaanval het ek gekry. Nou lê daar reuse geveg met MTN voor. Ek wil weet hoe die gesteelde sim nog aktief was. Die bedrogspul is heel waarskynlik gepleeg deur 'n 'backstreet' selfoonwinkel eienaar wat weet hoe om te konkel. En hoe kan die maandelikse limiet met dubbel skielik oorskry word. Hierdie mense is ongelooflik skelm. Groete Lise"

5. **Swendelaar wat geld bedel onder valse voorwendsel: hy is n ou bekende in Wellington**

"Die "pastoor" is al weer doenig! Hy het so pas , dit is nou 22:00 Maandagaand ons voordeurklokkie kom lui en my man gevra of hy hom onthou, waarop my man vir hom gesê het dat hy reeds by n vorige geleentheid ons geld wederregtelik gesteel het en vir hom gesê dat ons hom onmiddellik by die polisie gaan aangee. Wees bedag!! Karin Nortje"

6. **Diefstal op plase**

"Ek wil net graag mense waarsku oor die volgende: Ons het die afgelope week deurgeloop onder diewe wat in 3 van ons pompkamers op die plaas ingebreek het en al die kabels wat na die pompe gaan, afgesny het. Dit beloop duisende rande se skade om te herstel, behalwe die feit dat ons kort- kort sonder water is! Hulle het tot vuur gemaak in die pompkamers om beter te kan sien!

Iemand moet tog hierdie kabels (koperdraad) van hulle koop en ek is seker dis die "scrap metal" plekke in die omgewing. Hierdie mense is mos bewus daarvan dat dit afkomstig is van kabels ens. Waarom word daar nie strenger teen hulle opgetree nie? Indien daar nie 'n afsetplek is vir hierdie goed nie, sal diewe dit nie steel nie.

Vriendelike groete Demarlene Kruger"

7. **Oorlas met rondloper honde:**

“Ek wil graag die volgende onder WellingtonINFO lede se aandag bring. Ek is 'n baie groot diere liefhebber, en het self 2 honde. Hulle is soos my kinders. En as ek elke hond op straat kon huistoe neem sou ek, maar dan sal ek 'n plaas moet kry vir die hoeveelheid honde wat in die strate rondloop, meestal jackrussels in die Wellington noord area.

Dit is definitief goed versorgde honde en almal van hulle het bandjies en tags om hulle nekke, maar ek raak nou so bietjie ontsteld oor die feit dat mense hulle honde buite laat rond loop wanneer ek soggens en saans met my honde wil gaan stap. Dit is glad nie meer 'n plesier nie, want die honde wil baklei. Die honde volg my elke keer huistoe ook en dan staan en blaf hulle voor my hek. Dit is regtig hartseer om te sien hoe baie hondjies in die area rondloop en eienaars wat net nie omgee waar hulle diere rond dwaal nie. Dan moet hulle in die 1ste plek nie diere kry as hulle nie na hul kan omsien nie. Ek weet nie wat mens kan doen om die situasie te verbeter nie, maar ek sal dit waardeer as daar net 'n boodskappie kan gestuur word aan die huis eienaars van Wellington noord oor hulle hondjies wat 'n las is by sekere mense. Groete”

8. **G-Voucher projek.**

“Voucher vriende! Op 15 November is n totaal van 31 haweloses deur NORSA getoets vir HIV en TB. Geen HIV positiewe resultate is gekry nie. Slegs een persoon is verwys na Huis McCrone met simptome van TB. Ons is dankbaar teenoor NORSA en veral Hanrie Labuschagne wat NORSA verteenwoordig en dit gereël het. Baie dankie Hanrie!
Pick & Pay het besluit om as verkooppunt op te tree! Daar sal vanaf vandag reeds G - Vpouchers te koop aangebied word. Baie dankie aan Nelia Kirsch van Pick@ Pay! Daar is dus nou by die P@P kompleks drie verkoopspunte: Writeshoppe, Wimpy en Pick@Pay. Op 22 Desember word n Kersete deur VG Kerk Wellington vir die haweloses aangebied in die Breedsaal. Dankie Cliffard Acia en Ds Rogers!

Intussen: MOENIE GELD GEE AAN BEDELAARS NIE en KOOP ASB G- VOUCHERS. Groete Danie JC Nel”

9. **Wees maar altyd bedag**

“More Attie, iets interessants vanoggend, dis nou so 11vm, kom hier 'n bruinman, ek skat hom so 26 jr, netjies aangetrek swart langbroek, spur t-shirt en vra of hy my kar kan was en hy wys na waar my kar staan, ek sê toe nee dankie, my kar word by die huis gewas en toe hy so wegstap en sy sonbril opsit en vir my "daai" kyk gee, toe dink ek, hoe weet hy dis my kar? Hy is nie een vd die wat altyd hier rondsit/loop/staan nie. Groete Petré (Doggy Parlour).”

10. **VRIENDE VAN WELLINGTON MUSEUM / FRIENDS OF WELLINGTON MUSEUM**

“Die jaar staan einde se kant toe en die meeste mense sien seker uit na ‘n ruskans. Diegene wat matriek kinders het wag in spanning vir die einde van die matriekeksamens en daarna die uitslae. Mag alles voorspoedig verloop. To all the Friends of Wellington Museum – thank you for your continued support. Many of you have been involved in activities concerning our Museum.

Here I refer specifically to everyone who either organised, helped and also attended all the functions around the celebrations of the 150 years of our station. Sedert die vorige nuusbrief, het die ATKV “Valiant op ‘n Stasie” aangebied waar ons stasieuitstalling ook gepronk het. Daarna was die uitstalling ook by die Burgemeester se funksie te sien.

Die uitstalling was ook by Monte Video tydens Albertus Buckle se aanbieding van ……..”

Om die volledige nuusbrief af te laai, kliek op die webskakel:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/organisasies/wellington-museum/

11. **Vakante poste Rekenaar tegnici:**

"Daar is twee vakante poste by Mattelo Computers Paarl en Wellington vir Rekenaar tegnici. Een Junior en een Senior pos. Belangstellende persone kan hulle CV's stuur na attie@mattelo.co.za of skakel 082 853 2827 vir meer besonderhede "

12. **Nog Verblyf vir studente/personeel, Stellenbosch:**

"In Die Rand sekuriteitskompleks: Meenthuis met 3 slaapkamers, 2 badkamers, motorhuis en onderdak parkering, stap-afstand van kampus te huur vanaf 1 Jan. 2014. Kan onderhandel vir tydperk korter as 'n jaar. Kontak eienaar Bettie 083 282 3701"

13. **Ondersteun asb. hierdie goeie saak.**

"Sunfield hou 'n "Fun Run" ten bate van liefdadigheid op 30 November 2013. Meer inligting kan gekry word op die webtuiste by: http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gebeure/
Kaartjies is ook by Sunfield beskikbaar. Vriendelike Groete Daisy Groenewald, Sunfield Wellington"

……..

www.wellingtoninfo.co.za